higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

(11011044)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

110Q1N2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Jy is onlangs as ’n internasionale reiskonsultant by Wêreldtoere Reisagentskap in Gauteng aangestel.

Dui aan watter visum vir elk van die volgende kliënte vereis sal word:

1.1.1 TBOO-ingenieurswesestudente gaan vir ’n tydperk van een jaar praktiese werk in China doen.

1.1.2 Zoliswa word deur haar maatskappy genomineer om die Cyber World Expo 2022 in Doebai by te woon.

1.1.3 Die Mthimkhulu-gesin sal op Bali Lughawe in Indonesië ’n aansluitingsvlug na Kuala Lumpur in Maleisië kry.

1.1.4 Debbie Fields, die stigter en woordvoerder van Mev Fields Bakkery, gaan haar kookboeke by die Franse Sjefuitstalling in Frankryk bevorder.

1.1.5 Die Mhlongo-gesin gaan twee weke lank in Europa vakansie hou.

1.1.6 Ná ’n maand in Maleisië sal die Mthimkhulu-gesin na hul huis in Upington, Suid-Afrika terugkeer.

1.1.7 Mnr José Mourinho neem ’n aansluitingsvlug in Ethiopië van Madeira Lughawe in Portugal na OR Tambo Internasionaal in Suid-Afrika om ’n FIFA-konferensie by te woon.

1.1.8 Suid-Afrika se 2021-topmatrikulant van Mpumalanga het ’n studiebeurs ontvang om medies in Massachusetts, Amerika, te studeer.

1.1.9 ’n Groep rugsakreisigers van Modimolle gaan na die Bahama-eilande reis om ’n maand daar deur te bring.

1.1.10 Mnr Mourinho keer terug na sy tuiste in Portugal.

(10 × 1) (10)

1.2 Geen toeris kan ’n buitelandse land sonder die nodige reisdokumente besoek nie.

(10)

Noem TIEN items wat visumaansoeke in Suid-Afrika moet vergesel.

1.3 Beantwoord die volgende vrae oor visums en paspoorte.

1.3.1 Noem SES Afrikalande wie se paspoorthouers van visums vrygestel is wanneer hulle Suid-Afrika besoek. (6)

1.3.2 Definieer ’n *buitelandse paspoort*. (1 × 2) (2)

1.3.3 Beskryf watter regsimplikasies dit inhou om vorms namens ’n kliënt te onderteken. (3)

1.3.4 ’n Endossement is ’n bykomende inskrywing wat in die paspoort gedoen word. In watter gevalle benodig ’n paspoorthouer ’n endossement in hul paspoort? (5 × 1) (5)

1.3.5 Adviseer die reisiger oor die voordele van ’n Schengen-visum. (1)

1.3.6 Kies DRIE lande uit die onderstaande lys wat ’n Schengen-visum aanvaar. (3)

Brasilië; Belarus; België; Dominica; Denemarke; Ierland; Ysland

[40]

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Beijing 2022 Olimpiese Winterspele

Nadat Beijing die bod vir die 2022 Olimpiese Winterspele op 31 Julie 2015 gewen het, het dit die eerste stad ter wêreld geword wat sowel die somer- as winterweergawe van die Olimpiese Spele aangebied het.

Met ’n visie van “Vreugdevolle rendezvous op ys en sneeu” het Beijing 2022 op die erfenis van die Beijing 2008 Olimpiese Spele voortgebou en 300 miljoen mense oor China heen aangemoedig om wintersport te omarm.

Die 109 items in sewe Olimpiese wintersportsoorte is in drie kompetisiesones, naamlik sentraal-Beijing, Yanqing en Zhangjiakou, aangebied.

Beijing het vier sneeu-items aangebied (sneeuplankry groot lug en vryski groot lug, mans en vroue), plus al die ysitems (ysbal, yshokkie en ysskaats), deur gebruikmaking van die lokale van Beijing 2008.

Yanqing, ’n voorstedelike distrik van Beijing (80 km noordwes) en tuiste van die beroemde Badaling- en Juyongguan-gedeeltes van die Groot Muur, het die Alpeski en sleery-items (bobslee, skelet en slee) aangebied.

Zhangjiakou, verder noordwes in die naburige Hebeiprovinsie, het al die ander sneeu-items (sneeuplankry, vryski, veldski, skispring, Nordiese gekombineerde en tweekamp) in die Chonglidistrik, ’n gewilde skibestemming, aangebied.

[Bron: *https://olympics.com › olympic-games › beijing-2022*]

2.1.1 Watter tipe geleentheid word in die bostaande scenario genoem? (1 × 2) (2)

2.1.2 Watter TWEE groot internasionale geleenthede het die laaste paar jaar in Suid-Afrika plaasgevind en watter voordele het dit vir die toerismebedryf ingehou? (2 + 1) (3)

Kopiereg voorbehou

2.1.3 Verduidelik waarom Beijing 'n gunstelingstad is om die tweeledige Olimpiese Spele aan te bied. (1 × 2) (2)

2.1.4 In 2004 het die Toerismegraderingsraad besluit om hul graderingstelsel uit te brei om geleentheidlokale in te sluit.

Identifiseer die VYF minimum vereistes vir die gradering en beoordeling van die lokaal se algehele gehalte. (5)

2.1.5 Noem DRIE algemene aspekte wat die Internasionale Graderingstelsel van die Beijing-geleentheidskoördineerder sal verwag. (3)

2.2 Kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 1993 moet werkgewers algemene pligte rakende hul werknemers nakom.

Verduidelik VYF algemene pligte wat werkgewers teenoor hul werknemers het. (5 × 2) (10)

2.3 Identifiseer VYF regulasies en wetgewing wat op gesondheid en veiligheid van toepassing is, behalwe die een wat in VRAAG 2.2 genoem is. (5)

2.4 Noem die tipe geleentheid wat by die volgende lokale/fasiliteite aangebied kan word:

2.4.1 Internasionale Konvensiesentrum, Durban

2.4.2 Mbombela Stadion, Mbombela (Nelspruit)

2.4.3 Vergelegen Wynlandgoed, Kaapstad

2.4.4 Markteater, Johannesburg

2.4.5 Kyalami Grand Prix-renbaan, Midrand

2.4.6 Sun City, Rustenburg.

2.4.7 Nuweland Krieketstadion, Kaapstad

2.4.8 Standard Bank Arena, Johannesburg.

2.4.9 Nelson Mandelabaai- stadion, Gqeberha

2.4.10 Nasrec, Johannesburg.

(10 × 1) (10)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord uit die lys hier onder. Voltooi die sinne deur slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2 uur; 80 km; regter; linker; permit; ID-dokument; 60 km; geldige bestuurderslisensie; voedsel; alkohol; diere; passasiers; 100 km; selfoon; sakke; internasionale bestuurderslisensie; 120 km

3.1.1 Die snelheidsgrens in beboude gebiede is … .

3.1.2 Die snelheidsgrens op nasionale paaie is … .

3.1.3 In Suid-Afrika ry ons aan die ... -kant van die pad.

3.1.4 Almal wat op Suid-Afrikaanse paaie bestuur, moet ’n ... besit.

3.1.5 Buitelandse bestuurders kan om ’n ... aansoek doen.

3.1.6 Bestuurders wat lang afstande ry, moet elke ... ’n blaaskans neem.

3.1.7 ... -verbruik word nie toegelaat wanneer jy bestuur nie.

3.1.8 Voertuie behoort nie oorlaai te word met ... nie.

3.1.9 Dit is onwettig om op ’n ... te praat terwyl jy bestuur.

3.1.10 In die VSA bestuur hulle aan die ... -kant van die pad.

(10 × 1) (10)

3.2 Hoe sou jy wetlike beperkings op die volgende aan toeriste verduidelik?

3.2.1 Prostitusie

3.2.2 Verkoop van dwelmmiddels of narkotika

3.2.3 Moontlike gevolge van dronkbestuur

3.2.4 Vrywaringsvorm

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

3.3 Ontleed die foto hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:



3.3.1 Watter soort ramp word in die foto hier bo uitgebeeld? (1)

3.3.2 Klassifiseer die ramp in VRAAG 3.3.1 as óf 'n natuurramp óf "mensgemaak". Staaf jou antwoord. (1 + 1) (2)

3.3.3 Gee VYF voorvalle wat as 'n natuurramp geklassifiseer kan word, uitgesonderd die ramp wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is. (5)

3.3.4 Verduidelik die impak wat die ramp wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is op toeriste sal hê. (2 × 1) (2)

3.3.5 Soms moet diensverskaffers 'n reisprogram verander as gevolg van gebeure buite hul beheer.

Gee AGT redes waarom diensverskaffers reisprogramme verander. (8)

3.3.6 Verduidelik aan 'n diensverskaffer hoe kliënte sal reageer wanneer daar nie aan hul verwagtinge voldoen word nie. (4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Jy werk as ’n toergids by die Krugerwildtuin. ’n Groep Amerikaanse sangers besoek die park. Veiligheidsregulasies word by die park se ingang vertoon.

Verduidelik aan die toeriste waarom hulle nie toegelaat word om die volgende te doen nie:

4.1.1 Om uit hul voertuie te klim wanneer hulle hul gunstelingdiere sien (2 × 1) (2)

4.1.2 Om die diere te voer (2 × 1) (2)

4.1.3 Om sigaretstompies in die veld te gooi nadat hulle gerook het. (2 × 1) (2)

4.1.4 Om diere te jag (2 × 1) (2)

4.1.5 Om die paaie te verlaat en deur die veld te ry wanneer hulle die diere agter bosse sien wegkruip (2 × 1) (2)

4.2 Jy reis internasionaal per vliegtuig. Verduidelik die aanmeldprosedures wat jy sal volg deur die onderstaande prosedures in die korrekte volgorde te organiseer. Skryf slegs die korrekte prosedure langs die letter (A–P) neer.

A – Die bagasie word ingeboek.
B – Kontroleer of die besprekingbesonderhede korrek is.
C – Verskaf bewys van jou identiteit.
D – ’n Sitplek word aan jou toegeken.
E – Lewer bewys van jou bespreking.
F – Groot bagasie-items word geëtiketteer.
G – Beweeg na die sekuriteitsbeheerpunt.
H – Passasier en handbagasie word geskandeer.
I – Die instapkaart word oorhandig.
J – Bagasie wat nie geweeg word nie, word as handbagasie aan boord geneem.
K – Jy beweeg deur doeane.
L – Instaptoonbanke word oopgemaak, en jy word versoek om aan boord te gaan.
M – Paspoort en visums word gestempel.
N – Jy wys vir lugdienspersoneel jou instapkaart.
O – Beweeg na die waggebied.
P – In die vliegtuig word jou sitplek aangedui. (16)

4.3 Voordat jy ’n reispakket aan ’n kliënt verkoop, moet jy deeglik navorsing doen om die korrekte inligting te kry om die regte toerpakket saam te stel.

Verduidelik hoe die volgende inligtingsbronne jou kan help om ’n toerpakket saam te stel:

4.3.1 Internet en gidse (3 × 1) (3)

4.3.2 Uitstallings (3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.4 Kopieer die onderstaande tabel in jou ANTWOORDBOEK en gee VIER voordele en VIER nadele van groepreise. (4 + 4) (8)

Voordele van groepreise	Nadele van groepreise

[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende rolle van personeel in 'n tipiese groothandelreisorganisasie:

5.1.1 Bestuurder

5.1.2 Administratiewe assistent

5.1.3 Toerbeplanners

5.1.4 Toergidse

5.1.5 Bemarkings- en verkoopsverteenwoordigers

5.1.6 Finansiële afdeling

(6 × 2) (12)

5.2 Enige noodsituasie wat die lewens van lugdiensbemanning en passasiers in gevaar stel, maak optrede noodsaaklik. Verduidelik aan SAA se vlieëniers hoe hulle moet optree as hulle die volgende situasies teëkom:

5.2.1 Vlug SA851 ervaar tegniese probleme. (4 × 1) (4)

5.2.2 Vlug SA866 van Londen na OR Tambo kan nie land nie as gevolg van 'n hewige storm. (4 × 1) (4)

5.2.3 'n Passasier op vlug SA884 van Doebai ervaar simptome van 'n hartaanval. (2 × 1) (2)

5.3 Daar is verskillende verenigings wat die groothandelreisbedryf beïnvloed.

Skryf die volle naam van die volgende verenigings uit:

5.3.1 ASATA

5.3.2 TBRSA ('TBCSA')

5.3.3 SATSA

5.3.4 SAARTG

Kopiereg voorbehou

5.3.5 WGO (5 × 2) (10)

5.4 Onderskei in die onderstaande lys tussen goedere wat met ’n permit die land ingebring mag word en daardie goedere wat heeltemal verbied word.

Gebruik die tabel wat voorsien word as ’n voorbeeld.

Goedere toegelaat met permitte	Goedere wat heeltemal verbied word

- Sekere plantprodukte
- Plofstowwe
- Gifstowwe
- Diere en voëls
- Outomatiese militêre wapens
- Sekere medisyne
- Narkotika
- Bedreigde fauna en flora

(8)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou